
Wit Kolletjies en Ware Vriende

’n Storie oor anders wees, vriendskap en begrip



Deur Dr N Raboobee



Mari is ‘n vrolike dogtertjie wat in 'n stil straat in Stellenbosch woon. Sy hou van sokker speel, koekies bak saam met Ouma, en blommetjjes pluk. Maar Mari is nie heeltemal soos ander kinders nie - sy het wit kolletjies op haar vel.



By die skool staar sommige kinders na haar wit kolletjies. Party vra vrae, ander fluister agter haar rug. Mari voel hartseer, al probeer sy glimlag.



“Hoekom het ek wit kolletjies, Ouma?” vra Mari een middag. Ouma glimlag sag. “My kind, dit word vitiligo genoem. Dit is nie aansteeklik nie. Dit is net anders. En jy is pragtig net soos jy is.”



Die volgende dag gee Juffrou Elsa vir die klas ’n kunsprojek. “Julle moet julleself teken,” sê sy. Mari kyk na haar hande … en besluit om haar kolletjies mooi in te kleur.



Toe Mari haar tekening wys, word dit stil in die klas. Die ander kinders kyk nuuskierig. “Dis jy!” sê een. “Dis mooi!” sê ’n ander.


“Het jy seergekry?” vra een seun.
“Is dit sonbrand?” vra ’n ander.
Mari antwoord: “Nee, dis vitiligo. Dis net my vel. Dit is nie seer nie.”



Daardie middag vra ’n paar kinders of Mari saam sokker wil speel. Sy glimlag breed en hardloop saam met hulle. Vir die eerste keer in ’n lang tyd voel Mari vry.



Die kinders vra Ouma ook vrae toe sy Mari kom haal. Ouma vertel hulle van vitiligo – en van aanvaarding. “Die wêreld is mooier as ons almal onsself kan wees,” sê sy.



Mari begin haarself weer mooi vind.
Sy dra helder kleure en wys haar kolletjies met trots. Haar glimlag straal – en almal sien dit.



Mari se vriende hou van haar – met kolletjies en al! Hulle leer dat vriendskap nie gaan oor hoe jy lyk nie, maar oor wie jy is.

Aanvaarding beteken om iemand anders regtig te sien.

Wit kolletjjes, sproete, littekens –
ons almal het iets wat ons un uniek maak.

Wat jy sien as ’n fout,
is dalk jou mooiste deel.

